

Towerlantern Fotografie
fotografienuus
augustus 2020



Die lente is hier!

Lensopening f16. Sluiterpoed 1/160 sekonde;
Fokale lengte 85 mm (Foto met toestemming)

Ons staan aan die begin van die lente – soos die foto wys. Ons wil in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* gesels oor mense; en in die besonder mensfotografie.

Moenie lig met mensfotografie omgaan nie. En as jy gevra word om troufoto's van 'n vriend of vriendin te neem, sê summier NEE!

Landskapfotografie is “maklik”: Jy kan altyd weer teruggaan na 'n toneel. Kosfotografie is “in orde”: Jy kan altyd weer 'n bord kos voorberei. Sô kan ons voortgaan. Maar mensfotografie, veral geleentheidsfotografie, kan skrikwekkend wees. Onthou, jy werk met mense. Wees dus gewaarsku, lees verder, kry wenke – net vir ingeval jy jou dalk eendag in 'n ding laat inpraat.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk

Bladuitleg: Fransa Vorster van [Colourcode Designs](#)

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbriëf? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.

— voorbladfoto

Die voorbladfoto is geneem tydens 'n fotosessie waar 'n paar geesdriftige jongmense as modelle opgetree het. Laat dit sommer die eerste wenk wees: “Oefen” op mense wat geesdriftig is, wat hul poserings ken en wat nie stroëf of kwaad sal word as jy “sukkel” nie.

Behalwe die modelle op die foto, is daar ook water in die foto te sien. Laat dit 'n tweede wenk wees: “Oefen” in die buitelig by 'n mooi omgewing. Dis meer ontspannend en water gee altyd goëie foto's.

Wat die komposisie betref, let op dat daar 'n oopte na regs is. Dit help dat die modelle nie vasgedruk lyk nie. By mensfotografie weet ons om op die oë te fokus; anders die ore. Let in hierdie geval op dat die man se oor skerp is. Die derde wenk: Onthou jou komposisiereëls.

Lees verder vir nog wenke en tegnieke.

Algemene sake in verband met *mensfotografie*

Ten spyte van ons opmerking oor mensfotografie in ons inleidingsnota, weet ons darem ook dat van ons lesers toegewyde mensfotograwe is. Miskien is al die onderstaande sake reeds vir hulle bekend. Nogtans wil ons graag die volgende sake onder almal se aandag bring – dit is so belangrik dat jy hierdie sake gerus kan vergroot en in gedagte hou wanneer jy mense afneem.

- Jy moet baie beslis 'n voltooide en getekende model-vrystellingsvorm (Engels: *model release form*) hê by fotografering van mense. Daarsonder kan jy in baie groot moeilikheid kom. Raadpleeg internet vir die nodige vorms.
- Jy moet baie beslis nooit aan 'n model raak nie, behalwe met toestemming – selfs nie man-tot-man of vrou-tot-vrou nie. As 'n model sy/haar posering moet verander, sê dit en moet dit nie self doen nie.
- Jy moet beslis ook aan jou model se omstandighede dink, en nie net aan jou kamera nie! Dink byvoorbeeld aan sake soos temperatuur, veiligheid en gemak – veral ook met aandfoto's.

Foto met toestemming

Towerlantern Fotografie
- augustus 2020 -

Algemene sake in verband met *mensfotografie*

- Jy moet beslis lig loop as dit by liggaamskapfoto's (Engels: *body scape photos*) kom, of nog meer beslis, as dit by naak- of seminaakfotografie kom. Al die bostaande sake moet onthou word. Moenie oor hierdie tipe fotografie grinnik nie: foto's van verwagte ouers en pasgebore babas is tans hoog mode.
- Moet beslis nie sommer iemand van die straat af aankeer vir modelfotografie nie. Doen dit op 'n baie meer diskrete manier (kontak byvoorbeeld 'n modelbesigheid of iets dergeliks). En as jy 'n fotosessie het met iemand van die ander geslag, neem dan baie beslis 'n derde persoon saam.

Skakel (veilig): <https://www.photographytalk.com/nude-male-photography>



YSBREKER: DOEN 10 POSERINGS IN 10 SEKONDES!

- Verduidelik aan die model hoe die speletjie werk: Elke keer as die fotograaf 'n volgende getal van 1 tot 10 aftel, moet die model van posering verander.
- Begin met 'n basiese posering en volg op.
- Hierdie ysbreker het groot pret – en natuurlikheid – tot gevolg.
- Die fotograaf Hannah Quintana sê oor hierdie ysbreker: “my technique is capturing the moments in between the poses”. Dit lei tot 'n natuurlike ontspannende skote.

KYK OOK BY: <https://www.hannahq.com/>

<https://www.photoblog.com/learn/female-poses-for-professional-results/>



RIGLYNE VIR MENSFOTOGRAFIE

Vir die doel van kamera-instellings aanvaar ons dat jy reeds 'n foto-toneel het. Aanvaar die volgende:

- Die kamera is op 'n driepoot, soos vir naby-mensfotografie; of nie, soos vir spelende kinders.
- Die toneel is deur die prentsoeker LCD-skerm te sien.
- Die komposisie is ongeveer reg.
- 'n Voorlopige fokussering is gedoen.

Doen die volgende:

Tipe lens Die keuse hang van die situasie af. Eksperimenteer met verskillende lense; 'n kort zoemlens kan ook handig wees.

Portret-/Landskapformaat Kies die formaat volgens behoefte.

ISO Die afspraak bly dat die ISO-waarde laag gehou moet word.

Witbalans Maak seker van die lig en eksperimenteer met die witbalans.

Keuse van fokuspunt Die fokuspunt is altyd die oë, of die ore as die oë nie te sien is nie. By liggaamskapfotografie is dit 'n ander saak – hanteer dit dan soos 'n stillewe.

Lensopening Gebruik 'n groot lensopening vir 'n vlak velddiepte.

Sluiterspoed Gebruik die liniaal vir die korrekte beligting. Onthou ook dramatiese oorbeligting (*high key*) vir 'n opgeruimde gevoel, en dramatiese onderbeligting (*low key*) vir 'n donker gevoel.

Fyn fokussering Onthou dat jy met mensfotografie besig is. Fokuseer dus reg en op die regte plek, bv grimeerlyne soos in die foto.

Towerlantern Fotografie
- augustus 2020 -

Allan, foto met toestemming





Hoe berg jy jou foto's?

Op die vraag *Hoe berg jy jou foto's?* sal jy waarskynlik antwoord: op die geheueskyfie van die kamera; of, op my rekenaar; of, in die wolke. Maar die vraag is eintlik: As jy 'n foto geneem het of as jy 'n PowerPoint-aanbieding gemaak het, waar is die data en hoe lyk dit? Dit moet tog behoue bly vir verdere gebruik.

Ons gesels oor die elektroniese berging van inligting. Ons sal dit doen by wyse van 'n paar stapsgewyse bergingsvoorbeelde waarin ons verduidelik hoe inligting gestoor kan word. Lees sover as wat jy kan kom:

Oningevulde blokraaisel Sny die blokraaisel in stroke op en plak die stroke aan mekaar om een lang strook te vorm. Noem die swart blokkies 0 en die wit blokkies 1 om 'n lang ry getalle te kry, byvoorbeeld 01011011010. Stoor dié ry getalle.

Foto met slegs swart en wit Sny die foto, soos die blokraaisel, in uiters dun strokies en blokkies, met blokkies wat elk net swart of net wit is; las aanmekaar, noem die swart blokkies 0 en die wit blokkies 1, om weereens 'n lang ry getalle te kry. Stoor dié ry getalle.

Swart-en-wit foto (met grys) Sny die foto, soos dié een wat net swart en wit is, in uiters dun strokies en blokkies, met blokkies wat elk net een grys bevat; las aanmekaar. Ontwerp 'n kode met swart 0, alle gryse van 1 tot 254, en wit 255 (256 moontlikhede). Kry weereens 'n lang ry getalle. Stoor dié getalle.

Kleurfoto Sny die foto, soos die swart-en-wit foto, in uiters dun strokies met blokkies wat elk net eenkleurig is; las aanmekaar. Ontwerp 'n kode met behulp van die 16 "getalle" 0 tot 9 en A tot F (genoem 'n heksadesimale getallestelsel) met swart 000000 en wit FFFFFFFF (byna 17 miljoen moontlikhede). Kry weereens 'n lang ry getalle. Stoor dié getalle.

Hoe word inligting dan geberg? Ontwerp 'n kode wat sō is dat alle getalle as kombinasies van nulle en ene geskryf kan word (genoem 'n binêre getallestelsel); byvoorbeeld 8 as 1000, 12 as 1100, 14 as 1110 en 15 as 1111. Stoor alle vroeëre getalle in dié stelsel. Berg dit op die kameraskyfie as 'n kombinasie van 1'e (elektriese lading) en 0'e (geen elektriese lading). Dink aan 'n lig wat aan (1) of af (0) is.

Laaste opmerking As jy teen dié tyd jou hande saamslaan en dink dié is nou regtig "boel", dan is jy heeltemal reg. Die laaste kodifisering staan juis bekend as Boolese algebra.

RIGLYNE VIR...

troeteldierfotografie

Eddie Vorster



Aangesien daar nog baie van ons is wat sommer van die huis af werk, het ek dit goedgevind om bietjie oor troeteldierfotografie te praat.

Ek wil vandag wenke gee oor hoe om die beste van jou troeteldier se fotosessies te maak.

- Voordat jy begin om jou foto's te beplan, moet jy weet wat jou troeteldier se persoonlikheid is. Dit gaan nie help jy wil hê jou foxterrier moet stil sit in 'n mandjie as jy weet hy gaan eerder dit wil rondruk nie (hoewel dit dalk ook interessante foto's kan wees).
 - As jou troeteldier nie meer na jou wil luister nie, kry jou kind of assistent om die hond se aandag af te trek en te kalmeer. Jy kan dan sommer foto's van die interaksie ook neem.
 - Net soos daar op die oë gefokus moet word as jy 'n model afneem, geld dit vir jou troeteldier ook.
- As jy meer na die kunsfotografie-rigting wil gaan met foto's van jou troeteldier, gebruik dan 'n swart agtergrond om 'n mooi portretfoto te neem.
 - Terwyl jou hond of kat rondhardloop, gebruik *burst mode*, ook dan kan jy na die tyd die beste foto's kies.
 - Jy kan koekies of klein stukkie droëwors gebruik om jou troeteldier om te koop om mooi stil te sit of om sy aandag af te trek.
 - Sak af tot op jou troeteldier se vlak, dit maak ook mooi treffende foto's.
 - Gebruik met-die-hand instellings om mooi skerp fotos te kry. Soek 'n plek waar die lig goed is.
 - Doen jou bes om uitsonderlike foto's van jou troeteldiere te neem, soos die foto hierby.

Raster- en vektorgrafika

As fotograaf is dit belangrik dat jy sal weet wat bedoel word met die terme rastergrafika (Engels: *raster graphics*) en vektorgrafika (Engels: *vector graphics*). Die bedoeling is nie om in diepte daarop in te gaan nie (selfs nie eens oppervlakkig nie!) maar om dit met 'n paar voorbeelde te illustreer sodat jy intelligent kan lyk as 'n "kenner" daaroor praat.

Die twee terme verwys na twee wyses waarvolgens letters en beelde op 'n rekenaarskerm opgebou word. Ons gesels kortliks oor elkeen.

Rastergrafika

Hierdie foto wys hoe onskerp ouer teks (en ook foto's) lyk as dit vergroot word. Vroeër is teks, soos hier, met 'n sogencemde dotmatriks-drukker gedruk. Dit kom daarop neer dat drukwerk opgebou is uit 'n groot aantal baie klein kolletjies. Dieselfde geld vir enige gedrukte foto. Dink in hierdie geval daaraan asof die rand van die drukwerk 'n stel trappe is. As die teks groter word, word die trappe "gerek" en word dit groter maar nie meer nie.



Vektorgrafika

Dié foto wys hoe skerp hedendaagse teks (en ook foto's) lyk as dit vergroot word – inderwaarheid is daar geen verskil tussen kleiner en groter nie. Hierdie grafika, soos verwag kan word, is gegrond op 'n verskeidenheid

wiskundige beginsels, waaronder Bezier-krommes en "vektore" (Engels: *vectors*), 'n uitdrukking met eienskappe soos grootte en rigting. Dit kom dan daarop neer dat elke pixel se posisie en kleur voortdurend herbereken word. Dink in hierdie geval daaraan asof dit 'n ballon is van oneindig rekbare materiaal. Die ballon kan "opgeblaas" word, dit behou steeds sy eienskappe soos vorm en kleur.



ABSTRAKTE, ONWERKLIKE EN SURREALISTIESE FOTOGRAFIE

Die begrippe “abstrak”, “onwerklik” en “surrealisties” word in die kunste meermale gehoor. Op versoek van ’n fotograaf-kollega gesels ons hieroor, en in die besonder soos gesien vanuit ’n fotografiehoek.

Laat ons onmiddellik oor twee sake duidelikheid kry: (a) Anders as in eksakte vakgebiede, byvoorbeeld Wiskunde, is daar in kunsrigtings nie absolute definisies vir meeste begrippe nie – aanvaar hier dus eerder beskrywings as definisies. (b) Soos by alle vakgebiede het kunsrigtings ook “bure” – besef dus ook dat daar by hierdie drie kunsrigtings oorvleuelings sal wees.

Abstrakte fotografie

Abstrakte kuns maak gebruik van basiese komposisie-elemente soos kleur, vorm, tekstuur, lyne en lig. Dit probeer om iets uit die werklikheid te neem (los te maak) en dan anders uit te beeld met klem op hierdie elemente. Hierdie proses wég van die werklikheid af kan *effens*, *gedeeltelik* of *totaal* wees.

Kunswerke waarin kleur en vorm byvoorbeeld so verander word dat die onderwerp steeds herkenbaar is, sal *gedeeltelike* abstraksie wees. As niks herkenbaar is nie, sal dit *totale* abstraksie wees.

Natuurlik bestaan daar in hierdie kunsvorm ook baie subgenres. Een interessante subgenre is geometriese abstraksie. Die kunstenaar Piet Mondrian is bekend vir dié tipe kunsvorm. Kyk na sy werk by <https://www.wikiart.org/en/piet-mondrian>.

Om saam te vat Besef dus om abstrakte foto's in die werklikheid te sien en te neem, is die uitgangspunt deurgaans kleur, vorm, tekstuur, lyne en lig. Oefen jouself om dit raak te sien.

Lees ook by: https://en.m.wikipedia.org/wiki/Abstract_photography



Kleur, vorm, tekstuur, lyne, lig



Onwerklike fotografie

In 'n sekere sin is alle kunswerke, vir ons bespreking foto's, onwerklik. Al sou 'n foto die werklikheid hoe presies uitbeeld, dit bly steeds twee- en nie drie-dimensioneel nie. Die begrip "onwerklike fotografie" bedoel egter 'n kunsrigting waarin daar doelbewus gestreef word na 'n onwerklikheid. Dit kan so eenvoudig wees soos 'n foto wat effens uit fokus is, tot 'n toneel wat totaal verwronge en fisies onherkenbaar is.

Hoekom sou 'n fotograaf die "werklikheid" na die "onwerklikheid" toe wil verander? 'n Vinnige antwoord is: omdat dit kuns is. Die fotograaf Eric Kim maak hieroor die volgende opmerking (vertaal): "Foto's vertoon op hul beste wanneer dit onwerklik is. Realistiese foto's is vervelig." En hy gee selfs die wenk: "Moenie probeer om realistiese foto's te neem nie – neem eerder onrealistiese foto's."

Om saam te vat Besef dus dat geen kunswerk gelyk is aan die werklikheid nie en dat daar wel 'n fotografie-kunsrigting is wat bekend staan as onwerklike fotografie (Engels: *unreal photography*). Hou kreatiwiteit in gedagte om van die werklikeid 'n ander werklikheid te skep, soos in die foto.



Lees ook by: <https://erickimphotography.com/blog/2018/10/12/unreal-photography/>



Surrealistiese fotografie

"Surrealisties" beteken letterlik "bo/buite die werklikheid". In 'n sekere sin is surrealistiese kuns nog verder verwyder van die werklikheid as onwerklike en abstrakte kuns.

Ook hier bestaan daar 'n baie groot aantal subgenres. Wikipedia noem nie minder as 30 subgenres nie. Kyk by https://en.wikipedia.org/wiki/Surrealist_techniques Twee voorbeelde van hierdie 30 is:

- om 'n skoon vel papier met verf te bespat (Engels: *bulletism*) en
- om willekeurig drie foto's bo-oor mekaar te neem (selfs deur meer as een fotograaf) en dan te kyk wat is die resultaat (selfs na oorbeligting) (genoem triptografie, Engels: *triptography*).

In fotografie kan hierdie genre tot uitvoer gebring word deur sinvol verskillende foto's (of gedeeltes van foto's) te kombineer om iets buite die werklikheid te kry. Die foto hierby van Maryke Schoonen wys die idee.

Lees ook by die volgende skakel hoe om surrealistiese werke uit te ken: https://www.ehow.com/how_2082756_identify-surrealistic-painting.html



Rooisee, Maryke Schoonen

Beskrywing deur fotograaf Meervoudige beligting (Engels: *multiple exposure*) is 5 keer gebruik om die see voor te stel. Spesiale beligting van agter af het die atmosfeer in die foto geskep. Die blink sterre is bygevoeg om die surrealisme 'n stappie verder te neem.

NUUS VANAF TOWERLANTERN: JAARLIKSE FOTO-UITSTALLING

Jy word uitgenooi om 'n aantal van jou beste foto's vir keuring voor te lê vir 'n aanlyn-fotouitstalling wat sal plaasvind gedurende September 2020. Die uitstalling is nie op 'n kompetisie-basis gegrond nie. Van elke fotograaf wat foto's instuur, sal daar dus foto's gekies word wat aanlyn uitgestal sal word. Die besonderhede is soos volg:

Saak Aanlyn-fotouitstalling
Uitstalwyse Skyfiefoto's, soos in die proforma-foto hierby. Die detail sal later gefinaliseer word.

Datum September 2020

Uitstallers Enige fotograaf wat al van ons fotografiekursusse begin doen of afgehandel het.

Foto-onderwerp Alle genres.

Keuring Stuur 5 tot 10 landskap- of vierkantformaat foto's (verklein tot ongeveer 500 kB) waarvan 3 gekies sal word vir die uitstalling. Van elke persoon wat foto's inskryf, sal 3 foto's uitgestal word.

Onkoste R100, eenmalig, vir advertensie- en bemerkingsdoeleindes.

Bankbesonderhede sal deurgegee word vir uitstallers.

Keerderdatum 25 Augustus 2020.



In die woud 1

Johan de Klerk

Fotobeskrywing
Die foto hierby is een van 'n reeks woudtonele. Die kyker word op 'n visuele kleurreis deur die woud geneem.

Towerlantern Fotografie
- augustus 2020 -

NUUS VANAF TOWERLANTERN: SELFOONKAMERAKURSUS



Neem foto's met jou selfoon!

Wou jy nog altyd goeie foto's met jou selfoon geneem het? Nou is jou kans!

Towerlantern se aanlyn-selfoon-fotografiekursus is beskikbaar vanaf 1 Augustus 2020.

Die kursus bestaan uit 4 sessies.
Koste: R500
Navrae: Johan 082 884 7061



 Towerlantern Fotografie

Dit is al lank wat ons daaraan dink om soortgelyk aan ons kamera-aanlynkursusse ook 'n selfoon-kamera-aanlynkursus aan te bied.

Die goeie nuus is dat ons aan die begin van Augustus hierdie bal gaan afskop. Kom neem dus gerus deel aan die aanlynkursus. Leer ken jou selfoonkamera en ook hoe om beter foto's daarmee te neem. Die kursusmateriaal is deur Eddie Vorster geskryf – hy is 'n kenner op die gebied van selfoonkameras. Die advertensie hierby gee al die inligting.

Die volgende beskrywing, komende van Eddie, kan moontlik vir jou interessant wees: Die springspinnekoppie is afgeneem met 'n selfoon met 'n makrolens oor die kameralens. Maar moenie dink jy het spesiale toerusting nodig nie – meeste van die nuwe fone met meer as een lens agterop het 'n ingeboude makrofunksie.

HET JY GEWEET

Towerlantern Fotografie
- augustus 2020 -

FOTO-IDEES VIR 'N MAAND

Ons het dit al dikwels genoem: Moet nooit sê jy weet nie wat om af te neem nie. As jy so sou sê, beteken dit eintlik maar net jy het nog nooit op internet rondgesoek vir idees nie.

Die webblad <https://www.shutterfly.com/ideas/photography-projects/> gee 'n groot verskeidenheid foto-idees. Hier is genoeg daarvan om jou deur die hele Augustus besig te hou (doen dit in enige volgorde):



Simmetrie

- Selfportret
- Steelfoto
- Detail (mens)
- Natuurlike element
- Dier
- Moederskap
- Panorama
- Sonsondergang
- Stadskap
- Water
- Seisoen
- Kos
- Swart-en-wit
- Simmetrie
- Bostoneel
- Perspektief
- Koffie
- Aandtoneel
- Naamborde
- Abstrak
- Argitektuur
- Dankbaarheid
- "Sondige" eetgoed
- Silhoeët
- Simmetrie
- Bokeh
- Makrofotografie
- Skadukuns
- Tekstuur
- Jukstaponering

BELANGRIKHEID VAN FOTOTITELS

Met ons komende foto-uitstalling binne sig, is dit nodig dat jy aan titels vir jou foto's moet dink. Ons gee 'n kort bespreking; raadpleeg ook die webadres hieronder.

Ons siening is dat dit nodig is om foto's vir 'n uitstalling te betitel. Dit help net die kyker. So 'n titel kan 'n besondere betekenis hê; dit kan selfs 'n sleutel wees waarmee 'n foto "oopgesluit" word. Titels kan op verskillend vlakke 'n rol speel:

- Dit kan op 'n **beskrywende vlak** wees, byvoorbeeld *verkleur-mannetjie* of *trou pant*.
- Dit kan op 'n **dieper, maar steeds redelik direkte, beskrywende vlak** wees, byvoorbeeld *ontluiting* of *brandwag*.
- Dit kan op 'n **woordspel-vlak** wees, byvoorbeeld *spiderman* of *webtuiste* vir 'n spinnekop in sy web.
- Dit kan op 'n **sleutel-vlak** wees, waar die **titel** van die foto 'n **sleutel** is tot die **verstaan** van die foto, byvoorbeeld *Die vryheid wat jou teruglok* of *Rooirieldans*.

<https://121clicks.com/inspirations/how-to-give-titles-for-your-photographs-tips-and-examples>



BLITS *oefening*

Hier is twee foto's waarmee jy bietjie kan oefen om titels te gee. Dit is 'n lekker oefening en jy kan dit ook met jou eie foto's doen.

